Volume 8 | Uitgawe 4
Oktober 2018

SIZA Nuus

SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

IN HIERDIE UITGAWE

Bl.

SIZA Volhoubaarheids-program (*Beyond Audits*) 1

Mark Kwalifiseringsprogram vir Voorheen-Benadeelde Produsente 2

Implementering van Gesonde Grondpraktyke 3

Self-Assesserings-vraelyste (SAQs) 4

Opleiding- en Konsultasiedienste 5

SIZA VOLHOUBAARHEIDSPROGRAM (*BEYOND AUDITS)*

Dit is vir SIZA aangenaam om "***BEYOND AUDITS***" as 'n opwindende nuwe toevoeging tot die SIZA-program aan te kondig.

Oudits is reeds vir 'n geruime tyd 'n katalisator om volhoubare verbetering in die globale voorsieningsketting teweeg te bring. Die aantal nie-kwalifiserings in die werksplek het oor die jare afgeneem deurdat die beginsel van voortdurende verbetering gevolg is. Oudits wat by plase, pakhuise, verwerkingsfasiliteite en werksplekke in die algemeen uitgevoer word, is 'n objektiewe maatstaf om vordering te meet. Tog is oudits nie die enigste oplossing nie.

SIZA se aanlyn *Beyond Audit* inisiatief bied aan produsente die geleentheid om areas uit te wys waar daar gevoel word dat hulle meer as net nakoming handhaaf, waarde toevoeg en praktyke navolg, bo en behalwe dit wat deur oudits en wetgewing vereis word.

Voorbeelde van beste praktyke sluit die volgende in: Voorsorgfondse, Gesondheid klinieke, Sportfasiliteite, Kleuterskole, Nasorgfasiliteite, Opleiding- en Ontwikkelings-inisiatiewe of Plaaswerker Opheffingsprojekte, ens.

Nadat 'n produsent besonderhede rondom beste praktyke op die platform voltooi en ingedien het, sal dit deur SIZA ge-evalueer word vir goedkeuring. Sodra dit goedgekeur is, sal dit sigbaar wees as 'n *Beyond Audit* praktyk in die produsent se "*Member Listing*" op die platform. Dit sal ook saam met ander data sigbaar wees vir die produsent se "*Linked Members*" (soos bv. uitvoerders, invoerders en kleinhandelaars).

Met hierdie inisiatief beoog ons om voorbeelde van produsente se beste praktyke sigbaar te maak en terselfdertyd te poog om 'n gebalanseerde oorsig van sosiale en omgewingspraktyke in landbou weer te gee.

Om deel te wees van hierdie opwindende nuwe afdeling op die platform, nooi ons u om u beste praktyke, wat verband hou met die SIZA-kode beginsels, in die *Beyond Audits* afdeling op te laai deur die volgende eenvoudige stappe te volg:

1. Teken in op u SIZA-profiel.
2. Kliek op die *Beyond Audits* opsie in die navigasie balk.
3. Voltooi die besonderhede t.o.v u beste praktyke. U kan ook bestaande inskrywings wysig.
4. Dit is belangrik dat u die SIZA-module en relevante SIZA-kode beginsel(s) kies wanneer u die inligting oplaai.
5. Voorsien asb. 'n gedetailleerde beskrywing van die beste praktyk, bv. wanneer dit geïmplementeer is, wat die doelwitte is, hoeveel werknemers geraak word, ens.
6. Kliek op die '*Save*' knoppie om die inligting te stoor.
7. U kan verskeie *Beyond Audit*-praktyke invoer op die platform.
8. SIZA sal in kennis gestel word van nuwe inskrywings en sal dit na gelang van die uitkoms òf goedkeur, òf afkeur òf skrap.

MARK KWALIFISERINGSPROGRAM VIR VOORHEEN-BENADEELDE PRODUSENTE

Vir SIZA is die deurlopende ondersteuning van voorheen-benadeelde produsente baie belangrik.

Die program word in die Wes-Kaap aangebied in vennootskap met die Wes-Kaapse Departement van Landbou en die "Jobs Fund"-projek onder leiding van HORTGRO. Die program is daarop gemik om die begunstigdes te ondersteun om voortdurend hul etiese praktyke te verbeter, om te verseker dat Arbeidswetgewing nagekom word en dat daar voldoen word aan die vereistes van die SIZA Standaard en Gedragskode.

Sedert 2017 het verskeie begunstigdes reeds voordeel getrek uit die individuele ondersteuning wat maandeliks aan die produsente gebied word.

Die doelwitte van die opleiding en ondersteuningsprogram is as volg:

- Voorsiening van sakebestuur-ondersteuningsdienste.
- Om 'n oorsig te gee van die daaglikse bestuur en administrasie van die toepaslike wetgewing en vereistes.
- Fasilitering van deurlopende kapasiteitsbou vir bestuur en personeel.
- Bevordering van volhoubare en etiese handelspraktyke in lyn met die SIZA-standaard.

Die gemeenskaplike behoeftes van die begunstigdes is deur middel van 'n gapings-analise geïdentifiseer. Skyvines, deur middel van hul konsultasiediens en volgehoue ondersteuning, werk op 'n individuele basis met hierdie produsente om die gapings met goeie praktyke te vul.

Ten einde kapasiteitsbou te ondersteun, sluit die projek opleiding rondom die SIZA-kode vir bestuur, sowel as senior werknemers in. Tydens die proses word doelwitte gestel om sekere projekte te voltooi.

Een van die belangrikste riglyne vir die program is om nie 'n standaard benadering vir al die begunstigdes te volg nie. Alhoewel belangrike doelwitte vir die program geïdentifiseer is, ondersteun SIZA die benadering dat die spesifieke behoeftes van elke individu in ag geneem moet word.

Bestuurstelsels, implementering en ondersteuning wat voorsien word, moet daarop gemik wees om die belanghebbendes se individuele besigheidsbehoeftes, soos geïdentifiseer deur die aanvanklike gapings-analise, maar ook deurlopend regdeur die proses, aan te spreek. Met hierdie benadering word daar gepoog om uiteindelik die doeltreffendheid van die produsente se besighede te verbeter.

> *"Ons het waardering vir mense en die bydrae wat hulle tot elke onderneming maak. Daarom is dit belangrik dat Skyvines individue ontwikkel wat 'n verskil kan maak in ondernemings."*
>
> Francois Brink – Skyvines.

Henk Jooste, projekbestuurder namens Skyvines en gekontrakteer deur HORTGRO, het sy bydrae tot die program soos volg opgesom: *"Dit is 'n voorreg om deel te wees van die projek wat daarop gemik is om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik, naamlik om besighede te verbeter en etiese handel te ondersteun."*

SIZA, in vennootskap met CGA GDC en in samewerking met die Ethics & Leadership Institute (ELI), ondersteun ook voorheen benadeelde sitrus produsente in ander areas.

Indien u belangstel om deel te neem aan hierdie mark kwalifiseringsprogram, is u welkom om die SIZA-kantoor te kontak (info@siza.co.za) sodat u plaas as Vlak 1C op die SIZA-platform geregistreer kan word.

IMPLEMENTERING VAN GESONDE GRONDPRAKTYKE

Grond vorm die basis van die landbousektor en dit is daarom belangrik dat produsente goeie grond-bestuurspraktyke toepas om te verseker dat grond volhoubaar gebruik en bewaar word.

Die toepassing van goeie grond-bestuurspraktyke behels ondermeer om te verseker dat die chemiese en voedingstof-status van bewerkte grond geoptimaliseer word. Grondmonsters is die belangrikste maatstaf vir grondgesondheid. Data wat ontleed is, kan ingespan word om grondgesondheid te verbeter en die nodigheid vir grondtoevoegings te verminder.

Sleutelbegrippe van grondgesondheid en ekologiese grondbestuur sluit die volgende in:

- beskerming van grond habitat
- bestuur meer deur minder te versteur
- sorg dat grond bedek bly
- diversifiseer voedsel- en koolstofbronne vir grond-mikroörganismes en
- diversifisering van plant- en diergemeenskappe.

Goeie grondpraktyke verbeter grondgesondheid, verminder erosie, vermy verdigting en verbeter die potensiaal van produktiewe grond. Waar van toepassing, kan gewas-rotasie vir nie-meerjarige gewasse as 'n grondgesondheid bestuurspraktyk ingespan word. Organiese koolstof in grond vorm die basis van grondvrugbaarheid en is dit daarom belangrik om grondkoolstof op te bou/te verbeter deur organiese mis en kompos volgens grondvereistes by te voeg.

Om gronderosie te verminder, word voorgestel dat:

- die bewerking van grond verminder word
- die verbouing op hellings steiler as 20^{o} vermy word
- bome gebruik word om wind te breek en
- dekkingsgewasse gebruik word om die grond te beskerm.

Voorbeelde van praktyke om grondverdigting te vermy sluit die volgende in:

- om die herhalende gebruik van trekker paaie te vermy
- om spoorverkeer tot die veld te verminder
- om laedruk bande te gebruik en
- om gebruik van toerusting in nat toestande te vermy.

Produsente kan die potensiaal van hul produktiewe grond vergroot deur te verseker dat gewasse geskik is vir die grond waar dit geplant word en deur gebruik te maak van presisieboerdery praktyke om te verseker dat daar met min of geen vermorsing en besoedeling aan gewas- en grondvereistes voldoen word.

Grondgesondheid vorm een van die vier hoekstene van die SIZA Environmental Standaard. Regdeur die standaard word daar gefokus op praktyke en maatreëls om die gesondheid van grond te verbeter en negatiewe impak te verminder. Die gebruik van grondmonsters is een van die kern vereistes van die standaard. Grondmonsters moet gereeld geneem word en kan produsente hierdie geanaliseerde resultate gebruik om hul geïntegreerde Gewasbeskerming- en Voedingstof-Bestuursplan aan te pas.

Indien u hulp of advies oor grondpraktyke benodig, kontak gerus vir Henko Vlok - henko@siza.co.za.

SELF-ASSESSERINGSVRAELYSTE (SAQs)

Die SIZA program onderskryf verbetering, eerder as om slegs deur oudits gelei te word en maak gebruik van die SIZA Oudit frekwensie matriks om hierdie benadering te ondersteun. Hierin word voorsiening gemaak vir vier risiko-kategorieë, naamlik Platinum, Goud, Silwer en Brons, waarvan die Platinum-kategorie die hoogste kwalifiserende kriteria het.

Bo en behalwe die oudit, bied die program 'n verskeidenheid van hulpmiddels. Indien hierdie hulpmiddels in kombinasie eerder as in isolasie gebruik word, bied dit meer omvattende risiko-bestuur tussen oudits, wat die program meer suksesvol en volhoubaar maak. Die program sluit byvoorbeeld verskeie verifiërings-aktiwiteite, soos besoeke aan die perseel en deskundige evaluerings wat tussen oudits plaasvind, in.

Die jaarlikse hernuwing van SAQs (Self-assesseringsvraelyste) maak deel uit van hierdie proses en word deur SIZA gemonitor sodat die volhoubare nakoming van vereistes, selfs na afloop van die oudit, gemonitor en verseker kan word. Hierdie benadering verseker dat die SIZA program effektief en suksesvol geïmplementeer kan word. Saam met die jaarlikse SIZA-lidmaatskap hernuwing is dit baie belangrik dat die Self-assesseringsvraelys (SAQ) ook op datum gebring moet word. Indien u 'n goedgekeurde SAQ van die vorige jaar het, sal die opsie beskikbaar wees om die inligting van die vorige SAQ oor te dra (copy). Nadat die SAQ inligting oorgedra is, moet daar seker gemaak word dat al die inligting korrek, en volledig is en dat die nuutste dokumente aangeheg is, voordat dit ingestuur word vir goedkeuring.

Let asb. op die volgende:

- ☑ Die inligting van die volgende paar afdelings word nie outomaties van die vorige jaar oorgedra nie en moet dus jaarliks opgedateer word:
  - Company Site/H.O (B1)
  - Company Facilities (D3)
  - Safety Housing (M35) en
  - Wages, Benefits & Terms of Employment (O13).
- ☑ Dui asseblief by (B1) die aantal permanente en tydelike werkers vir die seisoen aan.
- ☑ By (D3) moet u asb. die produksie items voltooi.
- ☑ Onthou om die begin- en einddatums vir die spits seisoen van die produkte wat u voltooi het op datum te bring.
- ☑ By (M35) en (O13) moet u asb. die nuutste water toetsresultate en loonstrokies oplaai.
- ☑ Dit is baie belangrik om die mees onlangse loonstrokies op te laai wat die minimum loon en ure gewerk vir die spesifieke jaar aandui.

Sodra die SAQ voltooi is, sal die opsie daar wees om dit in te stuur (*submit*) vir evaluering. Die "*Submit*" -knoppie is in die regterhoek onderaan die blad. Die SAQ sal deur SIZA hersien word en indien daar uitstaande inligting is, sal dit teruggestuur (*reject*) word vir verdere voltooiing. 'n Epos sal deur die platform aan die produsent gestuur word, wat aandui dat die SAQ onvolledig is en watter inligting nog benodig word. Eers nadat SIZA die SAQ goedgekeur het, sal dit moontlik wees om 'n aanlyn-oudit (indien nodig) te bespreek.

Hou asseblief in gedagte dat alhoewel u 'n SIZA-oudit gehad het, u goedgekeurde SAQ nog steeds jaarliks hersien moet word om te monitor of u etiese praktyke en standaarde gedurende daardie tyd gehandhaaf het.

Indien die hernuwing van u lidmaatskap en die jaarlikse opdatering van u SAQ uitstaande is, sal dit nie net u sigbaarheid op die SIZA, Sedex- en Global GAP databasisse in gedrang bring nie, maar sal die Oudit bevestigingsbrief ook nie meer geldig wees nie.

Indien u meer inligting oor hierdie proses benodig, kan u enige tyd vir Lynn Taute by die SIZA kantoor kontak by lynn@siza.co.za.



OPLEIDING- EN KONSULTASIEDIENSTE

SIZA is daartoe verbind om prosesse in plek te stel om te verseker dat monitering en meting van die SIZA-kode in ooreenstemming met die SIZA sosiale- en omgewing standaard plaasvind en dat onafhanklike opleidings- en konsultant maatskappye voldoen aan toepaslike wetgewing. Dit is belangrik dat opleidingsmaatskappye (opleiers) en konsultante oor die nodige landboukennis beskik en die nodige interpersoonlike- en professionele vaardighede toon.

Die volgende instansies is tans op die SIZA-platform geregistreer en word deur SIZA erken as bekwame opleiding / konsultasie diensverskaffers:

Instansie	Kontakpersoon	Epos adres	Telefoon nommer
Ethical Compliance A-Z	Carol Munro	talliebusiness@gmail.com	079 875 9723
EZ Agri (Pty) Ltd	Melinda Viljoen Dolby	melinda@ezagri.co.za	082 458 2898
Stargrow Fruit Marketing (Pty) Ltd	Anita Smit	anita@stargrow.co.za	021 880 1882
Bar Vallei Personeeldienste BK	Bar Vallei Personeeldienste	sean@bvpd.co.za	023 626 5029
Emerging Leaders South Africa	Nicholas Cursi	nick@emerging-leaders.net	021 422 1574
Dynamikos Training Network	Norman Turner	norman@dynamikos.co.za	021 949 2208
EMPFIN SOLUTIONS	Bertie van der Walt	bvdwalt@empfinsolutions.co.za	021 914 2325
SBC	Surina Burger	surinaburger@breede.co.za	084 755 1268
Hopkins Coetzee Assosiate PTY (Ltd)	Johan Hopkins	johan@hopcal.co.za	021 863 0830
Kaap Agri Werkgewers Organisasie	Johan Hopkins	caeo@maxitec.co.za	083 675 3498
Comply Plus (Pty) Ltd	Elize van der Westhuizen	info@complyplus.co.za	082 388 0003
Philani Training & Development Solutions NPC	Estelle Engelbrecht	estelle@philani.co.za	021 883 2490
Skyvines cc	Francois Brink	info@skyvines.co.za	076 565 0153
Procare	Marietjie Bezuidenhout	norsa.marietjie@gmail.com	082 339 8988

Indien u formeel deur SIZA as 'n opleier/opleidingsmaatskappy of as konsultant/konsultasiemaatskappy erken wil word, moet u voldoen aan die SIZA-gegewe kriteria soos aangedui op die webwerf by:

https://siza.co.za/wp-content/uploads/2018/03/SIZA-Independant-Training-and-Consultancy-Guidelines-Oct-2017_ed-1.pdf